

Ds. A. W. C. Bester  
Calvinia  
7 Oktober 1973

Onderwerp: Die Wederkoms

Lees: Openbaring 1 verse 4 tot 8  
Matthéüs 25 verse 1 tot 13

Teks: Openbaring 1 vers 7

Sing: Psalm 66 verse 1 en 2  
Psalm 98 vers 3  
Gesang 191 vers 6

“Die ewige God dra die tyd in sy hand. Hy is van ewigheid tot ewigheid, sonder begin en sonder einde. Die dinge wat in die verlede gebeur het, asook die dinge wat vandag gebeur en die dinge wat nog in die toekoms sal gebeur, lê oop voor God se alles deurdringende blik.

“By die mens is dit anders. Die mens is tydsgebonde. Hy gee baie aandag aan die verlede, wat hy geskiedenis noem. Wat die hede betref, bring die mens se weetgierigheid mee dat ook dit nie verwaarloos word nie. Daarenteen is die toekoms vir ongelowiges ’n onpeilbare raaisel wat hulle verkieslik ignoreer. Indien hulle geweet het wat dit inhou, sou hulle ywerig aandag daaraan gegee het.

“Hierteenoor is daar een boek, nêť één, wat vir ons die sluier oor die toekoms lig. Dit is die Bybel, die Woord van God, wat by uitstek op die toekoms gerig is. Voorspelling op voorspelling wys heen op wat nog moet gebeur. Só is Jesus se eerste koms deur die profete voorspel en vervul. Só word Jesus Christus se wederkoms voorspel: ‘Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteeke het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.’ (Openb 1:7,8) Met hierdie woorde verseker die Bruidegom sy wagtende Bruid dat Hy weer sal kom.

“Ongelowiges bevraagteken hierdie belofte wat meer as twee duisend jaar gelede in die Bybel opgeteken is en nog nie vervul is nie. Hulle spot. Is hier nie een of ander vergissing nie?

“En tog, ondanks al die vrae en spot, het Jesus Christus se Kerk deur al hierdie eeue heen vasgehou aan Jesus Christus se tweede koms. Dit is vier eeue gelede in die Apostoliese Geloofsbelydenis vasgelê: ‘Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is, en neergedaal het na die hel; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel die lewende en die dode.’

“Die doel van die Apostoliese Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus was om te troos in ’n tyd van droefenis en vervolging, brandstapels en verguising, met die versekering dat Jesus weer kom; en dat Jesus Christus se bruid nie tevergeefs wag nie.

“Netso moet ons vashou aan die belofte van die Bruidegom wat kom en die troos wat dit inhou. Sal ons wat ’n skrale vier eeue daarna leef, moed opgee? Sal ons, wat in hierdie tyd lewe waarin alles met verbysterende vaart voortsnel en waarin ons die tekens van die tye duideliker sien as ooit tevore, nie waak en ons lampe brandend hou nie?

“Die Kerk sal uiteindelik kan terugkyk oor die verlede en bely: Dit was gou verby. Dit het verby gespoed, want kyk ’n duisend jaar is in die oog van God soos een dag.

“Jesus Christus kom. Hierdie magtige en oorheersende gedagte deurloop die hele boek van Openbaring: ‘Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstee het’. (Openb 1:7) Dit is dié belangrikste gebeurtenis waarop die hele geskiedenis van die wêreld sal uitloop. Want, Broers en Susters, God staan nie buite die wêreld nie. Al hou hierdie wêreld nie rekening met God nie. God hou en sal met die wêreld rekening hou. Mense dink dat die huidige wêreldorde vir ewig sal duur. Maar daar sal ’n dag kom dat God sal ingryp.

“Broers en Susters, ons moet weet dat nieteenstaande ’n warrelende, wisselende en wegsinkende wêreld, Jesus weer sal kom. Wie hierdie gedagte opsy skuif, skuif Jesus op die agtergrond in sy lewe.

“Die wêreld verkeer in spanning. In ons eie land het dit haas ondraaglik geword. Daar word met aandag in

hierdie tyd geluister na profete van vrede en oorlog. En baie meen dat samesprekinge tussen lande en veral die Verenigde Volke Organisasie, die spanning sal kan beëindig en die onsekerheid van die toekoms sal kan opklaar. Daar word verwag dat die grotes en wêreldorganisasies vreugde en heil sal bring in die toekoms. En tog, Broers en Susters, hoe belangrik hierdie pogings ookal mag wees, sal die toekoms steeds onseker bly.

“Van een saak alleen is daar egter sekerheid. Dit staan so vas asof dit reeds gebeur het. Dit is dat Jesus weer sal kom. En nét Hy sal die probleme van hierdie wêreld oplos. In Hom alleen is daar vrede. In Hom en Hom alleen ontmoet ras en ras mekaar. In Hom en Hom alleen word die mens een voor God. Die gemeente van Jesus Christus kan leef met hierdie versekering: Hy wat twintig eeue gelede opgevaar het na die Hemel, het vir ons daar ’n plek berei en Hy sal weer kom om ons te kom haal om ewig by Hom te wees.

“Neem ook kennis dat Jesus Christus reeds besig is om te kom. Hierdie gedagte lê opgesluit in die oorspronklike woorde van ons teks. Elke krygsgeskreeu, elke oorlog en elke powere aankondiging van vrede is ’n geroep na die Wederkoms van Jesus Christus.

“Kyk, Hy kom met die wolke’. Met hierdie basuingeklank moet ons die gemeente van Jesus Christus wakker hou. Elke oomblik, elke uur van die dag en elke Sondag bring Jesus Christus se koms nader en vermaan ons: Maak jou klaar om jou God te ontmoet. Ons moet ook daarin die onwrikbaarheid van Jesus Christus se liefde hoor, wat eenmaal aan die kruis in ons plek vir ons sondes betaal het; en die klop van die warme hart van ons Beminde en Bruidegom.

“By Jesus Christus se eerste koms het Hy gekom om versoening te doen vir die sondaars van die wêreld. By Jesus Christus se Wederkoms kom Hy ook as Regter. Dan sal Hy rekenskap eis van die wêreld en wat die wêreld met sy aanbod van genade gedoen het.

“As die aarde in oogverblindende ligstrale omsluit word, die Hemelse basuine met skel geklank sy koms aankondig en die engele in menigte verskyn en hul stemme tot aan die eindes van die aarde laat hoor, sal die Regter sy troon bestyg. Die skare sal met ontroering gevul word as Hy die boeke open en elkeen oordeel volgens sy werke. Openlike of heimlike sondes, persoonlike of kollektiewe misdade sal aan die lig kom.

En wee diegene wat die Borg en Middelaar nooit geken het nie!

“Hulle wat Hom deursteeek het, sal ween en op die bors slaan en in rou gaan. Hulle sal daardie dag in vrees en bewing staan soos Beltsasar toe hy die skrywende hand teen die wit kalk van die muur gesien het. Hulle sal verskrik en verslae wees by die gedagte dat hulle geweeg is op die skale van God en te lig bevind is. Hulle sal wil vlug, maar nie kan nie. Tevergeefs sal hulle bid en vir die berge en die rotse sê: ‘Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?’ (Openb 6:16,17)

“Ontvlugting sal nie moontlik wees nie. Die oordeel sal kom en skeiding bring tussen vyande en die uitverkorenes. Die toorn van die Lam, uit wie se mond daar ’n swaard sal gaan, sal vreeslik wees. Hy sal sy vyande in ewige verdoemenis werp en daar sal geweene en gekners van tande wees.

“Hierteenoor sal daar vir die uitverkorenes persoonlike troos en volkome verheerliking wees. Die Heidelbergse kategismus skryf: ‘Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode? Dat ek in alle droefenis en vervolging met ’n opgerigte hoof dieselfde Saligmaker wat Hom tevore om my ontwil voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van my weggeneem het, as ’n Regter uit die hemel verwag, wat al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my met al die uitverkores tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.’ (Heidelbergse Kategismus Sondag 19, Vraag 52)

“Broers en Susters, as ons die Wederkoms reg verstaan, sal dit ’n groot invloed op ons lewe hê. As ek bely en glo dat Jesus my Saligmaker is, wat in my plek my straf betaal het, deur Jesus se dood aan die kruis, kan ek ook bely en glo dat ek deel van die skare van uitverkorenes sal wees wat daardie dag vir ewig vry sal gaan. Dan kan ek met vrymoedigheid en afwagting verlang na Jesus Christus wat sê: ‘Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!’ (Openb 22:20)

“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester verwys hier na die Verenigde Volke Organisasie (*United Nations*) asof dit 'n welwillende organisasie is wat harmonie en vrede op aarde beoog.

In werklikheid word die *UN* deur die sataniese *New Age* organisasie, *Lucis Trust*, beheer. Gary H. Kah beskryf *Lucis Trust*, wat gestig is deur die *New Age* leidster, Alice A. Bailey, in sy boek *The New World Religion: The Spiritual Roots of Global Government*: (p. 30)

“Bailey founded Lucis Trust, the parent organization in 1922, under the name Lucifer Publishing Company. Today it boasts a membership of approximately six thousand people. Some of the world’s most renowned financial and political leaders have belonged to this organization, including individuals such as Robert McNamara, Donald Regan [Pres. Ronald Reagan se adviseur], Henry Kissinger, David Rockefeller, Paul Volker, and George Schultz. This is the same group of people that run the Council on Foreign Relations, the elite organization responsible for founding the United Nations.”

David Rockefeller het tot voor sy onlangse dood die *Rockefeller Foundation* beheer, wat op sy beurt die Amerikaanse *Establishment* beheer. Hul oogmerk is 'n sataniese wêreldregering onder die *United Nations*, waarin daar vir volgelinge van Jesus Christus geen genade sal wees nie.

Aangesien die *New Age* Beweging/*Rockefeller Foundation* nie die wêreld kan beheer met 'n sterk onafhanklike VSA nie, is die VSA tot nou toe doelgerig ondermyn met onder andere doelbewuste ophoop van skuld, finansiële krisis, propagering van dwelmmisbruik, invloei van vreemdelinge en ondermyning van die Amerikaanse onderwysstelsel. Pres. Donald Trump wat ten doel het om hierdie afbraakproses om te keer, is 'n ernstige bedreiging vir hulle planne.

Die *Rockefeller Foundation* beheer ook die ondermyning van Suid-Afrika.

Suid-Afrika is die minerale skathuis van die wêreld en volgens sommige bronne die belangrikse strategiese

punt op aarde, omdat dit die hoof seeroete vir handel tussen die Ooste en die Weste beheer. Indien Christene (volgelinge van Jesus Christus) die suidpunt van Afrika sou beheer, sal dit die *New Age* plan vir sataniese wêreldbeheer kelder.

Gevollik word Afrikaners, wat 'n historiese aanspraak op Suid-Afrika het, tans uit Suid-Afrika verdryf en vermoor deur middel van 'n skyn ANC-front, wat deur die *Rockefeller Foundation* beheer word. Daarna beoog die *New Age* Beweging om die Swart bevolking van suidelike Afrika met siektes en hongersnood uit te wis.

Die doel is om op mineraalryke en strategies belangrike Suid-Afrika beslag te lê, sonder om self in enige fisiese konflik betrokke te raak.

Die *New Age* Beweging se uiteindelijke oogmerk is 'n wêreldregering onder beheer van *Maitreya the Christ*. Hiermee is die *New Age* Beweging besig om die profesie in die Bybel oor die Antichris in vervulling te bring.